



PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld


15 November 2020

Vanoggend se erediens : Nagmaal

Skrifgedeelte: Johannes 19 & Eksodus 12

Tema: Jesus Christus, die paaslam vir ons geslag

Ons het verlede week in ons saamlees van die Bybel by Eksodus 12 gekom, waar die pasga ingestel is. In die Johannes-Ewangelie se beskrywing van Jesus se kruisiging is daar talle verwysings uit Eks 12 om ons te laat verstaan dat Jesus God se paaslam is, die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem (Joh 1:29).



Die Nagmaal word vanoggend effens anders bedien as gevolg van die pandemie. Dankie vir julle begrip.

Kerkraadsverkiesing

Die volgende gemeentelede word vanoggend bevestig as kerkraadslede:

Leier-ouderling: Danie Jacobs

Wyksouderlinge: Daleen Krige

Wyksdiakens: Leana Hugo, Hester de Jager, Anri Strauss en Arno Bouwer.

Danie Jacobs en Hester de Jager skakel by ons diens in via die uitsending na Ons Woning.

Baie geluk!

Program vir die week

Vandag

- Nagmaaldiens om 9:30 in die kerk olv ds Jaco Thom.
- Biddag vir Beskermingsdienste
- Deuroffer: Bearbeiding van Gevangenes

Maandag


- Gebedsaksie om 16:00 by die gebedshuis.

Dinsdag

- Vrouediens-Bybelstudie om 16:00 by die kerksaal.

Volgende Sondag: Sondag van Christus die Koning

- Kerssangdiens om 9:30 in die kerk olv ds Jaco Thom. Die tema is: Jesus is Koning!



Allerlei

Kerssangdiens

Ons sou op 22 November in die aand 'n Kerssangdiens gehad het. Covid-19 het ons egter gepootjie. Ons gaan wel die oggend om 09:30 ons Kerssangdiens hou met Skriflesings en gemeentesang. Maak seker jy kom en gaan die Kersseisoen op 'n hoogtepunt binne.



Nuwe Afrikaanse 2020-vertaling

Ons het enkele kopieë van die nuwe 2020-vertaling aangekoop. Dit is by die kerkkantoor beskikbaar @ R130 (hardeband) en R330 (luukse band).

Gebedshuis en Sopkombuis

As gevolg van die toenemende onveiligheid in die landelike gebiede het die Petrusburg Veiligheidsvereniging besluit om hulle gebou, waar die sopkombuis tans gehuisves word, terug te neem en as beheersentrum te gebruik. Hulle sal wel 'n gedeelte inrig sodat die Gebedshuis steeds daar gehuisves kan word, maar nie die sopkombuis nie.

In die lig hiervan het Phillip du Plessis die volgende inligting deurgegee:

Afhangende van waar die sopkombuis homself volgende jaar bevind, wil ons graag soos volg voortgaan:

Steeds drie keer 'n week oopmaak, moontlik tussen 11:00 en 13:00.

Gedurende dié tyd sal ons:

- *etes vir die straatmense uitdeel;*
- *kospakkies opmaak en uitdeel vir die ouens met "tokens";*
- *kospakkies opmaak en gaan uitdeel aan behoeftige persone en gesinne in Bolokanang en Petrusburg;*
- *uitdeel van Bybels en traktaatjies;*
- *ander projekte waarmee ons reeds besig is soos bv skoonmaak van strate, grassny dienste ens.;*
- *ander werkskeppingsgeleenthede.*

Ons sal glad nie uit die oog verloor nie dat ons verantwoordelikheid is dat Jesus hierdeur verheerlik sal word, en dat Sy liefde daardeur openbaar word.

Ons vertrou dat Abba ook ons gebede sal verhoor en ons na 'n beter plek neem.

Brief vanaf die Interimkomitee van die Vrystaat Sinode

PLAASAANVALLE EN PLAASMOORDE

Terwyl alle gemeenskappe ly, is ons gedwing om vir die soveelste keer ons aandag te vestig op die aanhoudende vlag van plaasaanvalle en plaasmoorde, asook die brutale geweld waarmee dit geskied. Ons huil hieroor en aan die ander kant is ons woedend hieroor. Ons ewangeliese roeping is om onverskrokke te veg vir die regte, vryheid en menswaardigheid van alle mense en om ons teen enige vorm van onreg te verset. Ons kan nie anders as om die regering weereens hieroor tot verantwoording te roep nie -

ons eis daadwerklike aksie!

Terselfdertyd roep ons geestelike- en gemeenskapsleiers uit elke sfeer van die samelewing op om sáám met ons, enersyds te bid vir 'n kultuur van harmonie, vrede, geregtigheid en billikheid onder al ons mense en andersyds, om 'n doelbewuste samewerking te vestig.

Baie boere, asook plaaswerkers, gaan die Kerstyd met kommer en vrees tegemoet. Ons wil vir alle boere en plaaswerkers verseker dat ons hulle aan die Here opdra en te alle tye vir hulle veiligheid bid. Ons sal baie graag vanuit ons gemeente-geledere vir hulle wil bystaan.

Die genade van ons Here Jesus Christus bly met ons.

leef biddend • dien mekaar • reik uit

Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week wat voorlê. Baie geluk!
Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.

Nov 17 Marisa Henning, Magna van Loggerenberg

Nov 19 Phillip Diedericks, Min Venter

Nov 20 Ria Wilke

Nov 21 Philip Bredenhann, Barend de Lange, Kobus Erasmus,
Phillip van Zyl



Huwelikshedenkings

Nov 15 Gert & Cecile Labuschagne (23j)

Nov 17 Olivier & Mandie Dippenaar (30j)

Biddende Hande

"Maar wat my betref, die nabyheid Van God is vir my goed. Ek het my Heer, die HERE, my skuilplek gemaak, sodat ek van al U werk kan vertel." (Psalm 73:28)

God, my God, U is my sterkte en my verwagting, my lied en my jubel.

U is my lushof en verkwikkende water. In U vind en het ek alles.

Wat ek buiten U soek en begeer, is vir my van weinige of geen nut nie.

O het ek iets gehad wat ek U kan gee! Here, iets wat vir u welbehaaglik was!

Maar as ek iets het wat ek U kan gee, was dit al U s'n voordat ek dit vir U gegee het.

Wat wil U hê, U wat niks benodig nie? Ek kan net myself aan U gee.

Kyk, ek behoort aan U. In alles gee ek my aan U oor en ek prys U in ewigheid.

THOMAS À KEMPIS



GEBEDSWAG: 23-29 November. Tema: Die Vader se Hart. Ons laaste gebedswag vir 2020, ons nooi jou uit om deel te neem!

Sake vir gebed:

- Dank die Here vir Sy goedheid en bewaring tov die korona-virus in SA, vir elkeen wat die virus oorleef en gesond geword het.
- Dank die Here vir die wonderlike reën van die afgelope tyd.
- Vir Matrikulante en ander leerders wat voorberei vir die eksamen wat eersdaags begin. Wysheid vir Minister van Onderwys en haar span wat besluite moet neem oor die promosie van leerders wat nie teruggekeer het skool toe nie.
- Dat reg en geregtigheid sal geskied in die land.
- Bid asb saam dat ons 'n geskikte plek kan kry van waaruit die sopkombuis bedryf kan word.

As jy enige gebedsversoek het, stuur dit asb vir Lulu by 083 309 7277.

Vrouebedieningsake

Bokse van hoop

Baie baie dankie vir elkeen wat 'n boks geskenk het vir mense wat deur die onlangse brande in die Vrystaat geraak is. Ons het dit Vrydag in die stad gaan aflewer vir verdere verspreiding.

Koekieprojek (NB!)

Ons gee jaarliks 'n pakkie koekies aan bejaardes in ons gemeente en Ons Woning. Ons vra weer u goedgegunste samewerking hierdie jaar om droë koekies te skenk vir hierdie projek. Alle koekies kan nog tot Vrydag 20 November by die Kerkkantoor ingehandig word. Indien dit beter sal pas, kan u ook nog koekies na die Kerssangdiens toe saambring op Sondag 22 November en vir Elmien of Sonia gee. Baie baie dankie by voorbaat! Ons gaan (DV) die koekies in die week van 23 November verpak en kort daarna aflewer.

Gebreide Poppies (NB!)

Indien daar dames is wat die afgelope jaar/tyd poppies gebrei het, sal ons dit waardeer indien u die poppies voltooid by die Kerkkantoor sal inhandig voor of op Vrydag 20 November, óf kerk toe bring Sondag 22 November asb. As daar genoeg poppies beskikbaar is, beplan ons om die poppies saam met die koekies aan bejaardes te skenk. Daar is nog so 'n week tyd om vinnig 'n poppie te brei!

<u>Leraars:</u>	Jaco Thom	084 523 1157	jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
<u>Kantoor:</u>	Madette Lombaard	053 574 0279	ngkpetrusburg@gmail.com
<u>Orrelis:</u>	Elmien Thom	084 562 3434	elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
<u>Koster:</u>	Annamarie Dercksen	072 499 4262	annamarie.dercksen@yahoo.com
<u>Webwerf</u>	www.ngkerkpetrusburg.co.za		facebook NG Kerk Petrusburg
<u>Kantoorure</u>	Maandae: 11:00 – 13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00		
<u>Bankrekening</u>	ABSA Tjekrekening 2610580001		